



## Probus Club of Pretoria East

P O Box / Posbus 14473 LYTTTELTON 0140

e-mail / e-pos: pieter@scribante.co.za

President: Johan Oosthuizen 012 667 4324

Secretary / Sekretaris: Pieter Scribante 012 644 1811

No 244

Nuusbrief / Newsletter

November 2010



Dit het eers in die laaste derde van die vorige eeu (dit klink lank gelede) sy ontstaan gehad,, maar dit het so vinnig vooruit gegaan dat dit nou elke persoon raak. Dit is op jou IDboek, jou Inkomstebelastingaanslag, en op die meeste produkte wat jy koop. Die lewe daarsonder sal baie moeiliker wees as wat dit tans is. Dink maar aan die frustrasie jare gelede as jy in die supermarkkassiere kom en die laaste item op jou inkopielys het nie 'n prys op nie en jy moet eers wag tot hulle die item met 'n prys op van die rak gaan afhaal.

Dit het so belangrik geword, dat die Internasionale Standaard Organisasie reeds 4 standaarde gepubliseer het wat oor die leesbaarheid en die akkuraatheid van die drukwerk van die strepieskode handel.

In 1948 het 'n nagraadse student, Bernard Silver gehoor hoe die bestuurder van 'n voedselsupermark een van sy professore gevra het om navorsing te doen op 'n sisteem om die informasie op produkte by die kassiere te lees. Silver het sy vriend Norman Woodland hiervan vertel en hulle het begin om 'n werkbare sisteem te kry. Hulle het baie probeer maar nie veel uitgerig nie.

So oortuig was Woodland dat hy 'n werkbare sisteem sal kry dat hy sy studies opgeskop het en by sy ouerhuis daarop gaan werk het. Eendag het hy langs die strand geloop toe hy die ingewing kry om die Morsekode as basis te gebruik. Sommer daar op die strand het hy strepies in die sand getrek. "Ek het net die kolletjies en strepies verleng en die strepies breër gemaak" Om hulle te lees het hy die klankbaan van rolprente as inspirasie gebruik en dieselfde tegniek gevolg.. Later het hy besluit dat dit beter sal wees as hy die strepies in 'n sirkel rangskik, want dan kon dit in enige rigting gelees word.

Op 20 Oktober 1949 het Woodland en Silver aansoek gedoen vir 'n patent wat in 1952 goedgekeur is. In 1951 het Woodland by IBM aangesluit en die firma probeer ooreed om die sisteem verder te ontwikkel. Na baie druk het IBM toegegee en 'n studie laat doen. Die verslag het gelui dat die sisteem beide moontlik en interessant was, maar dat die prosesering van die inligting nog in die toekoms was.

In 1952 het Silver en Woodlands hulle patent aan Philco verkoop. Op sy beurt weer verkoop Philco dieselfde jaar die patent die patent aan RCA. In 1963 sterf Silver in 'n motorongeluk.

As voorgraadse student het David Collins by die Pennsylvania Railroad gewerk en het hy bewus geword van die behoefte om die treintrokke te identifiseer. Nadat hy in 1959 afgestudeer het, het hy weer daar gaan werk en dadelik begin om die probleem op te los. Hy het blou en geel strokies uit weerkaatsende materiaal gesny en dit aan die kante van die trokke geplak en 'n lesers wat sensitief was vir blou en geel, het die kodes gelees terwyl die

trein verby die leser gery het. Collins het die sisteem vervolmaak en in 1967 het die American Railroads die sisteem as standaard vir alle spoorwegtrokke aanvaar en begin om dit in te voer.

Met die trokherkenning nou suksesvol geïnstalleer, het daar meer versoeke gekom vir soortgelyke sisteme om byv karre te herken wat maandelikse tolgeld betaal het en ook vir die uitkenning van posttrokke vir die VSA Postkantoor. Collins het nou sy werkgewers genader om geldelike bystand om die sisteem verder uit te brei. Hulle het egter geweier en toe het Collins bedank om sy eie maatskappy, Computer Identics Corporation te stig. Hier het hy 'n swart-en-wit sisteem ontwikkel wat veral toepassing in die motorindustrie gevind het om onderdele te identifiseer.

In 1966 het die "National Association of Food Chains"(NAFC) 'n vergadering gereël waar die idee van 'n geoutomatiseerde sisteem om produkte by die betaalpunt te identifiseer, bespreek is. RCA wat nog die oorspronklike patent van Woodlands en Silver besit het, het die vergadering bygewoon. Daar is toe besluit om die sisteem weer te toets. Hulle het die rondokol (Bullseye) kode gebruik, maar daar het probleme opgeduik en die sisteem is laat vaar.

In 1970 het NAFC 'n tender uitgereik, nadat hulle 'n 11 syfer kode, Universal Product Code (UPC) ontwikkel het, wat alle items in die winkel kon identifiseer. RCA het in 1971 by 'n vergadering van NAFC hulle verbeterde kolsisteem ten toon gestel. IBM verteenwoordigers het gemerk dat daar groot belangstelling was. Hulle verkoopsbestuurder het onthou dat Woodlands by hulle werk en het hom 'n nuwe laboratorium en 'n groot begroting gegee om sy sisteem te ontwikkel. 'n Groot probleem met die rondokol sisteem was dat die drukkers ink, net voor dit droog was, gevloei het en so die simbool onleesbaar gemaak het. Woodlands het die kode dwars op die vloei rigting van die papier gedruk. Die gevolg was dat as die ink vloei dit net die strepies effens langer maak.

Op 26 Junie 1974 het Clyde Dawson 'n pakkie lekkergoed aan Sharon Buchanan gegee om te skandeer. Dit was die eerste kommersiële gebruik van die UPC in die wêreld. Die pakkie lekkergoed en die strokie wat gedruk was, word in die Smithsonian Instituut in Washington ten toon gestel.

Die geweldige hoeveelheid ontwikkelingswerk wat hierdie geleentheid vooraf gegaan het, word geïllustreer deur IBM wat 'n span van 10 lede saamgestel het wat tussen 12 en 18 uur elke dag vir 2½ jaar aanmekaar gewerk het.

Aanvanklik was die toepassing baie stadig, want dit het nie 'n kruidenier betaal om skandeertoerusting te installeer nie ten sy omtrent 70 % van die produkte die strepieskode op gehad het nie. Vervaardigers daarenteen was nie so oortuig dat dit vir hulle die moeite werd was om die kodes op die produkte te druk nie, want dit het ekstra koste meegebring. Eers toe van die voordele, soos inventaris beheer, bekend geword het, het die hele projek vlam gevat. In 1980 het in Amerika omtrent 8 000 supermarkte per jaar oorgeskakel na die nuwe tegnologie.

Kritiek teen die gebruik van die strepieskodes het ook nie uitgebly nie. Daar was 'n kerkgroep wat hulle lede verbied het om enige produk met die strepieskode op te koop, want het hulle gesê, die syfer 666 is in die kode verskuil. 'n Televisie aanbieder het die kodes as "corporate plot against consumers" beskryf.

Meer en meer toepassings word nog steeds ontwikkel. Die gevolg was dat die 11 letter kode na 13 letterkode uitgebrei moes word. In die 13 letterkode word die eerste syfer aan die

linkerkant buite die strepies gedruk sodat die leser die rigting van die strepies kan herken.

Terwyl die kode hierbo as een dimensioneel bekend is, is mettertyd ook twee dimensionele kodes ontwikkel wat baie meer inligting bevat. Kyk maar na die kodestrepie op jou lisensieskyfie. Dit bevat meer inligting as net die registrasienommer van die motor. Daar is tans meer as 30 kodesisteme in gebruik, elkeen het sy toepassing en eie leser nodig. Sommige van die kodes is gepatenteer, terwyl ander ook gepatenteer is, maar hulle kan sonder goedkeuring gebruik word. So is daar die "Intelligent Mail Barcode" wat deur die VSA Posdiens gebruik word, wat gepatenteer is, maar die gebruik is vrylik aan enige persoon beskikbaar so dat almal die poskode op koeverte kan aanbring.



Hierbo is twee van die nuutste kodes afgebeeld. Die kode links is 'n "High Capacity Color Barcode". Dit is deur Microsoft ontwikkel en die gebruiker kan, deur 'n foto met 'n selfoon, wat internettoegang het, daarvan te neem besonderhede van die produk via die internet kry.

Die een regs bevat twee verskillende kodes op 'n rolprentfilm. Die blou gedeelte heel links is "Sony Dynamic Digital Sound" wat in rolprentteaters gebruik word. Die gedeelte tussen die tandwielgaatjies bevat die "Dolby Double D" logo wat van tyd tot tyd in die hoekie van die skerm geflits word. Die twee klankbane vir die stereoklank is heel regs. Uit hierdie voorbeeld kan 'n mens sien hoe kragtig die tegniek is en hoeveel inligting daar op 'n klein spasie oorgedra kan word.

Vir lande wat nie die alfabet soos ons s'n gebruik nie het Google die sogenaamde QR kode ontwikkel. Dit is 'n twee dimensionele kode wat baie gewild in Japan is.

Wie weet wat nog alles sal ontwikkel uit die eenvoudige versoek van 'n supermark bestuurder aan 'n professor van hulle plaaslike universiteit.

*Pieter Scribante met baie hulp van Wikipedia en die internet*

### **The next meeting and luncheon**

The next meeting and luncheon will be held on Friday 12 November 2010 at the PHSOB Club, Queens Crescent, LYNNWOOD at 12:00 for 12:30

**Speaker:** Ms Felicia Gravett

**Subject:** Exploring Ancient Egyptian Bronzes

**Ladies are, as usual, very welcome to attend.**

### **Jaareindfunksie**

Die jaareindfunksie sal op 26 November 2010 gehou word. Die komitee het besluit dat dit by PHSOB Club, ons gewone vergaderingslokaal, gehou sal word.

**Dames moet asseblief saam kom.**

Die koste verbonde aan die funksie is: R 80 per persoon.

Bring asseblief die juiste bedrag op 12 November 2010 saam en betaal aan Derek Brown.

### **Verjaarsdae in November en Desember**

Baie geluk aan die volgende persone wat in November en Desember verjaar. Mag die nuwe lewensjaar vir julle baie vreugde en voorspoed bring.

8 November	Mossie Janse van Rensburg
25 November	Fred Dietz
28 November	Nicolene van der Merwe
30 November	Piet de Wit
2 Desember	Claude Marais
8 Desember	Bronwen Cronje
29 Desember	Schalk Viljoen

### **Meeting held on 8 October 2010**

*Contributed by Fred Dietz*

Our guest speaker this week was Dr Emma Archer. She has a string of degrees and received her PhD in Geography at Clark University, Massachusetts and is a post doctorate fellow in the NOAA Global & Climate Change Research Institute at Columbia University and Pennsylvania State University.

She explained that the Greenhouse effect in the atmosphere allows life on earth as we know it. Whilst she touched on the CO<sub>2</sub> contribution to global warming she seemed to write it off to a more natural climate change. She and fellow scientists around the world regularly sit around an electronic media table to discuss their individual findings in order to reach consensus results. They in turn consult with governments, but found our government still lacking in co-operation to come to win-win solutions.

She was commissioned by the Farmers Associations in the Western Cape and especially in the Sandveld north of Cape Town to conserve nature by working with agriculture biodiversity, concentrating in potato and Rooibos crops from Citrusdal to Van Rhynsdorp. The idea is to give farmers 'best practise' guidelines and how to preserve groundwater.

Whilst rainfall has remained the same in Sandveld over the last 50 years, temperature had risen by 1% and this has a negative effect on the recharging of groundwater and is a big worry for the sustainability of our future agriculture.

After taking some questions Fred Dietz thanked Dr Archer with our customary PROBUS gift.

### **Kersboodskap / Christmas Message**

This is our final Newsletter for 2010 and the executive committee and I would like to wish all fellow Probian and their families a blessed Christmas and a New Year full of joy.

Kom ons reik, in hierdie tyd, van wêreld ekonomiese en politieke onbestendigheid. 'n hand na diegene wat hulp en ondersteuning nodig het en laat ons nie ophou om aan die minder bevoorregtes te dink en om aan hulle lot iets te doen nie.

*Johan Oosthuizen President*

\*\*\*\*\*